# Laerskool Eligwa

22 Augustus 2024

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 11 VAN 2024

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

**1. SKOOLFONDS**

Baie dankie vir die van u wat getrou u verpligtinge nakom. Skoolgeld is ‘n enkele jaarlikse bedrag wat tydens die begrotingsvergadering vasgestel word. Ouers kom gewoonlik met die skool ooreen om skoolgeld in paaiemente te betaal. Hierdie is dus ‘n statutêre plig wat deur ouers nagekom **moet** word. Dankie vir u begrip.

**2. BEGROTINGSVERGADERING**

Op Woensdag, 9 Oktober 2024, sal daar ‘n begrotingsvergadering ten opsigte van 2025 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 ‘n aanvang neem. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

**3. OPLAAI VAN LEERLINGE NA SKOOL**

Ons wil weer ‘n beroep op u doen om asseblief u kind direk na skool op te laai. **GEEN p**ersoneellid is na skool beskikbaar om kinders op te pas nie, omrede hulle besig is met buitemuurse aktiwiteite en vergaderings. Dit is ook nie veilig vir u kind om na skool alleen buite te wag nie. Dankie vir u begrip en samewerking.

**4. TASSE EN KLERE**

Ons wil graag ‘n vriendelike beroep op u doen om u kinders se klere duidelik te merk. Daar word op ‘n gereelde basis klere na die kantoor toe gestuur wat in die badkamers en op die terrein opgetel word. Leer ook asseblief u kinders om verantwoordelikheid vir hulle klere te aanvaar deur dit nie te laat rondlê nie. Ons wil ook ‘n beroep op u doen om baie ernstig met u kinders te praat oor die hantering van hulle tasse. Kinders wat na skool vir hulle ouers wag, moet asseblief nie hul tasse buite die terrein laat en dan binne rondspeel nie. Ons het reeds ‘n paar gevalle gehad van rondlopers wat die tasse neem en daarmee verdwyn. U samewerking in die verband sal waardeer word.

**5. LENTEDAG**

Lente is in die lug en die gras en bome is besig om kleur te kry. Vir ‘n geringe bedrag van R10 gaan ons die leerlinge die geleentheid gee om Lentedag te vier. Op Vrydag, 6 September, gaan leerlinge geleentheid kry om gewone klere aan te trek. Fondse wat op die wyse ingevorder word gaan vir Eurekaskool geskenk word. Dankie vir u ondersteuning.

**6. SOMERSDRAG**

Somersdrag kan vanaf Vrydag, 30 Augustus gedra word. Dit sluit ook Vrydagdrag in. Leerlinge Wat Provinsiale kleure verwerf het in ‘n bepaalde sportkode, mag ook die T- hemp saam met die nuwe kortbroek dra. Let wel : Indien u kind nie oor ‘n T-hemp beskik nie, word die gewone skooldrag op Vrydae gedra en is die dra van enige ander informele drag nie toelaatbaar nie. Ons wil graag ‘n vriendelike beroep op u doen om asseblief u kinders netjies in skooldrag geklee skool toe te stuur. Dit bevorder goeie dissipline by die skool en skep ook ‘n eenheidsgevoel onder die leerders. Ons verskaffers van skooldrag is **Ekspaar** en **MG’s Schoolwear** in Vanderbijlpark en **White Cross** in Vereeniging.

**7. KOEKVERKOPING**

Die Graad 2 en Graad 3-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 6 September 2024. Baie dankie byvoorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**8. RUGBYRAAI – GROOOOOT PRYS OP DIE SPEL**

Die Springbokke speel op Saterdag 7 September 2024 teen die All Blacks in Kaapstad. Die prys is akkommodasie vir 2 nagte vir 2 volwassenes en 2 kinders in ‘n 2 slaapkamer chalet in die River Resort by die Emerald oord. U kry ook ‘n R500 geskenkbewys vir Gas Monkey, ingang vir 4 by die Animal World en ingang vir 4 by die Aquadome. Fondse wat op die wyse ingesamel word, gaan gebruik word om die toegangsdeure in die voorportaal te vervang. Die rugbyraaivorms sal op 30 Augustus 2024 aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatum is 6 September om 12:00. Dankie vir u ondersteuning.

**9. MNR EN MEJ ELIGWA**

Ons gaan hierdie jaar weer ‘n Mnr. en Mej. Eligwa aanbied. U het reeds al die inligting ontvang. Die finaal sal plaasvind op Dinsdag,22 Oktober (Juniors) en Woensdag, 23 Oktober (Seniors).

**10. TOER**

Baie sterkte aan ons Gr.6- leerlinge wat by Jubaweni gaan toer vanaf 12 September 2024 tot 15 September 2024. Geniet dit en wees goeie ambassadeurs vir die skool.

**11. UITSTAPPIES**

Ons Gr.3-leerlinge gaan op Maandag, 16 September, die melkplaas (Douglas Dale Dairy) en die Gr.5- leerlinge die Voortrekkermonument besoek. Geniet dit en gebruik die geleentheid om baie te leer.

**12. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Baie geluk aan ons skaakspelers wat baie goed presteer het gedurende die Departement se D8 Skaakkampioenskappe.
O/9- skaakspan is ligawenners.
O/13- skaakspan het tweede geëindig in die liga.
Ons is voorwaar baie trots op julle.

**13. MINIKRIEKETDAG**

Op 13 September 2024 bied ons die minikrieketdag aan. Ons gaan om 13:00 sluit omrede die wedstryde om 14:00 begin. Gr.1 tot 3-leerlinge sal om 12:45 sluit om die druk van die hekke te verlig. Dankie vir u begrip in die verband.

**14. WISKUNDE OLIMPIADE**

Ons leerlinge het deelgeneem aan die Departement se Wiskunde Olimpiade Kompetisie. Baie geluk aan Thomas Floor (Gr.6) wat deurgedring het na die Provinsiale kompetisie. Ons is voorwaar trots op jou.

**15. PRODUKSIE 2000**

Produksie 2000 besoek ons skool weer op Donderdag, 29 Augustus 2024 . Die tema is SUPERSTERRE - "Groot of klein, jonk of oud, ons almal het 'n behoefte aan iets – iets wat ons dryf om goed te voel en 'n betekenisvolle lewe te ervaar. So, stel jou doelwitte, maak jou planne en volhard tot hulle bereik word! Wees die superster in jou eie wêreld! Kostes beloop R30 per kind en u het tyd tot 28 Augustus 2024 om die betaling te doen.

**16. TALENTKOMPETISIE**

Baie geluk aan ons leerlinge wat deelgeneem het aan "SHOW YOUR TALENT" by die NWU. Hulle het as volg presteer:
Gr.1-3 spreekkoor verwerf goue medalje.
Gr.4-5 spreekkoor verwerf goue medalje.
Gr.6-7 spreekkoor verwerf "High Gold" medalje.
Al drie eindig in die Top 10 en wen "Overall Best Variety Act" prys.
Baie geluk, ons is voorwaar trots op julle.

**17. FUNKY SOCKS**

Op Vrydag, 13 September 2024 hou ons FUNKY SOCKS DAY. Kinders mag enige snaakse en/of kleurvolle kouse aantrek op hierdie dag.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za